Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Almaret du Toit**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
almaret.dutoit@westerncape.gov.za | 021 467 2172

Lêerno.: 21/2/5/2/AFRIKAANS HL TRAINING
Verwysing: 20230824-7455

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0010/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Bekendstelling van 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram in Afrikaans Huistaal wat op die wetenskap van leer in die Grondslagfase gebaseer is**

1. In 2019 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besluit om 'n gedifferensieerde benadering tot Taal vir elk van die drie Huistale in die provinsie te volg. Dit is gebaseer op die uitslae van die sistemiese toetse vir 2011 tot 2019, asook die bevindinge van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*.

2. Grondige navorsing is oor die wetenskap van lees gedoen. Hierdie navorsing het gelei tot 'n besluit om 'n sintetiese benadering tot klankleer in die onderrig van lees in die Grondslagfase te volg.

3. In 2020 het die WKOD 'n vennootskap met Funda Wande aangegaan en gesamentlik 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram vir Afrikaans Huistaal in die Grondslagfase ontwikkel. Die sintetiese benadering tot klankleer is in hierdie program ingebou.

4. In 2021 is die Funda Wande-program by 40 skole, waar Afrikaans die Taal van Leer en Onderrig (TLO) is bekendgestel, waarna dit in 2022 na 'n verdere 50 skole uitgebrei is.

5. Vanaf 2023 tot 2025 sal die Funda Wande-program met verdrag na alle Grondslagfase-klasse, waar Afrikaans die TLO in skole is, uitgebrei word. Alle graad 1-onderwysers het reeds in April 2023 opleiding ontvang.

6. Die doel van die program is om lees en begrip in Afrikaans Huistaal in die Grondslagfase te versterk. Dit vorm deel van die Wes-Kaap se leesstrategie en WKOD se vyfjaar- strategiese plan.

7. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat alle graad 2-onderwysers opleiding sal ontvang en dat klasse in 2024 by hierdie bekendstelling ingesluit sal word.

8. Graad 2-onderwysers sal van 12 tot 14 Desember 2023 opleiding ontvang. Daar sal van alle graad 2-onderwysers wat Afrikaans Huistaal onderrig, asook alle departementele hoofde vir die Grondslagfase, verwag word om die opleiding by te woon.

9. Distrikte sal die besonderhede en plekke waar hierdie opleiding sal plaasvind, vooraf bekendmaak.

10. Vir meer inligting, kom in aanraking met die Grondslagfase-koördineerder in die betrokke distrik:

| Distrik | Koördineerder | Tel. | E-pos |
|---|---|---|---|
| Metro-Noord | Jenny Daniels | 021 938 3044<br>084 388 5920 | Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za |
| Metro-Sentraal | Juanita van der Merwe | 021 514 6773<br>079 944 7536 | Juanita.vanderMerwe@westerncape.gov.za |
| Metro-Suid | Vanessa Randelhoff | 021 370 2025<br>083 309 1383 | Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za |
| Metro-Oos | Marie Engelbrecht | 021 900 7191<br>081 271 1153 | Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za |
| Weskus | Michelle Delport | 021 860 1590<br>060 508 8305 | Michelle.Delport@westerncape.gov.za |
| Kaapse Wynlande | Diana Niemand | 023 348 4606<br>083 234 3202 | Diana.Niemand@westerncape.gov.za |
| Overberg | Sandra Cloete | 028 214 7378<br>072 386 8936 | Sandra.Cloete@westerncape.gov.za |
| Eden en Sentraal-Karoo | Nelmarie Kriel | 044 803 8300<br>082 374 2961 | Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za |

11. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle skoolbestuurspanne en Grondslagfase-onderwysers en by hul skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-08-29